Verby Ja-toe-se-gat na kuskamp

Dis 'n ander wêreld. Ons moes by Ja-toe-se-gat en Sarrisam verbyry om by 'n luukse tentkamp by Koringkorrelbaai aan die Namakwalandse kus te kom, skryf EBEN HUMAN.

Namakwaland 4x4-roete



Foto's: EBEN HUMAN Grafika: JACO GROBBELAAR

Só is met 4x4-voertuie al langs die Namakwalandse kus tussen die Groenrivier en die Spoegrivier gery. Dit is nou deel van die Namakwaland Nasionale Park en jy het viertrek nodig vir die dik sand aan die kus. FOTO: EBEN HUMAN

wat dit kos

Sanparke bied saam met Chiefs Mobile Safari Camp van 1 Augustus tot 30 September verblyf in 'n luukse tentkamp op die Namakwalandse kus aan.

Alle etes word in 'n gemeenskaplike eettent bedien.

Gaste het ook die opsie om 'n program van twee dae/drie nagte/'n naweek te volg.

Die tente het twee enkelbeddens en elektriese lig (van 'n kragopwekker). Elke tent het sy eie toilet- en stortgeriewe. Warm water kan ook verskaf word vir gereelde storttye.

Gaste moet minstens twee dae bly. Die opsies is: Maandag/Dinsdag, Woensdag/Donderdag of Vrydag/Saterdag/Sondag.

Die kamp kan net met 'n 4x4-voertuig bereik word. Gaste moet eers by Sanparke se Groenrivier-kantoor aanmeld. Indien gaste nie 'n 4x4 het nie, kan vervoer vir hulle na die kamp verskaf word.

♦ Dit kos R2 250 per persoon per nag/R3 000 per dubbel. Vervoer van Groenrivier na die kamp kos R340 per persoon.

♦ Vir navrae: Bel Lysta by ☎ 071 688 8201 of stuur e-pos na lysta@experiences.co.za.

Besprekings kan by Sanparke se hoofkantoor (☎ 012 428 9111 of reservations@sanparks.org) gedoen word.

Dit is seker maar net 'n geluk dat die Namakwalandse kusgebied tussen die Groen- en die Spoegrivier nie ook deur die diamantdelwers omgedolwe is nie.

De Beers het hier 34 000 ha van die kusgebied besit wat hy in November 2008 aan Sanparke oorhandig het. Dit is hierheen dat ons onlangs op 'n 4x4-uitstappie koers gekies het.

Die uitnodiging het van Sanparke gekom, en saam met ons mediagroep was Bernard van Lente, bestuurder van die Namakwaland Nasionale Park – 'n koninkryk wat nou al 'n yslike 144 000 ha groot is.

Die goeie nuus wat Van Lente vir ons gehad het, is dat daar planne gemaak word om in Junie altesame 100 gemsbokke en 100 rooihartebeeste in die Mokala Nasionale Park naby Kimberley te vang en na die Namakwalandse park oor te plaas.

Die plaaspaaie het ons van net noord van Garies weswaarts gevoer na Sarrisam, die plaas waar Robey Leibbrandt in 1943 gaan aanklop het toe hy hier aan die kus met sy roeibootjie geland het as deel van Operasie Weissdorn.

Leibbrandt was 'n swaargewigbokskampioen wat in 1936 aan die Olimpiese Spele in Berlyn, hoofstad van Nazi-Duitsland, deelgeneem het. Hy het daarna met 'n pro-Duitse organisasie soos die Ossewabrandwag kontak gemaak en ook sy eie organisasie begin waarmee hy planne gemaak het om die destydse Smuts-regering omver te werp.

Die uiteinde was dat Leibbrandt van hoogverraad aangekla en ter dood veroordeel is. Hy en ander politieke gevangenis is later begenadig.

Op Sarrisam vind jy deesdae Gert Engelbrecht (☎ 027 581 1021), beter bekend as die kontreiskrywer Gert Sarrisam. Hy bied ook beperkte plaasverblyf.

Op die buurplaas Soutfontein bedryf Stompie Engelbrecht (☎ 027 581 1095) haar padstal Ja-toe-se-gat. Hy word nie beman nie, maar staan oop, en jy vat wat jy wil hê. Dan los jy net jou geld in die posbus met die naam Rooitill.

Van Ja-toe-se-gat was dit nie ver kus toe nie waar 'n luukse tentkamp opgeslaan is. Dit gaan in Augustus en September so as die Chief's Safarikamp bedryf word.

Hier het ons die luukse van 'n elektriese kombers en lig gehad. Soggens was daar warm water vir stort, en die kos was deurgaans van die boonste rak. Die Saterdagaand se kreef was die hoogtepunt.

Nadat Leibbrandt begenadig is, was hy slagter in Springbok, waar hy ook skoolseuns afgerig het.

Die ervare Namakwalandse plantkenner Lita Cole vertel ons die Saterdagoggend so terloops dat haar een broer deur dié legendariese man die fynere kunsies van die vuissport gewys is.

Die storie wat egter almal aan Lita se lippe laat hang het, was van hoe soutslaai gebruik is om die hare van 'n bokvel te verwyder.

"Die meelvel waarop jy brode opmaak en los om te rys, moes om ooglopende redes geen hare op hé nie. Party van die brode is nie in 'n pan gebak nie, maar net so met die skop(graaf) op die as geplaas om 'n heerlike vloerbrood te kry," het sy verduidelik.

En toe bygevoeg: "Vir die knapsak is 'n groot bokkapater sakgeslag, en hierdie sak is dan onthaar en gebrei totdat dit sag is.

"Die sak word gebruik om meel, droëvrugte, ensovoorts, in te stoor. 'n Wonderlike natuurlike manier om dinge te bêre."

'n Dier word sakgeslag wanneer die buik nie oopgeslag word om die vel te verwyder nie, het kollega Theuns van der Westhuizen, wat in Nuwerus se omgewing grootgeword het, verduidelik.

Die enigste snit is van die een hakskeen af, oor die boude, tot by die ander hakskeen van die dier. Die kop en pote word verwyder, en die vel word letterlik van agter af van die karkas afgeskil.

Die openinge waar die kop en pote afgesny is, word toegewerk, en jy het 'n velsak. Die pote is dikwels soos die drabande van 'n moderne rugsak of skouersak met 'n riempie aan mekaar verbind. Dit is dan 'n knapsak genoem, het Theuns vertel.

Lita Cole (links) saam met Henriette Engelbrecht en Bheki Zwane van Sanparke.

Die haarlose vel kon "asemhaal", en sy inhoud het nie so gou galsterig geraak nie, het Lita gesê van dié sak uit 'n vergange tyd.

Maar toe vra iemand wat 'n bokkapater is.

Later in die dag het ons saam met Van Lente en Sanparke-beamptes soos Henriëtte Engelbrecht en Bheki Zwane kuslangs noordwaarts gery na die Spoegriviergrotte.

Bleeksingvalke, sekretarisvoels en volstruise is van die voëls wat jy hier sien. Daar is ook heelwat kleinwild soos steenbokkies en duikers, asook stokstertmeerkatte. Van die jakkalse sien ons toe net spore.

By die grotte het die dassies luilekker gelê en sonbraai op die hoogste rotse – salig onbewus van die geskiedenis wat hom hier afgespeel het.

Die vroegste bewyse van skaapboerdery in Suid-Afrika is hier gevind met skaapbene van sowat 2 000 jaar oud.

Van Lente het ons daarop gewys dat die Spoegrivier se mond die natuurlikste mond aan ons ganse kuslyn is.

Die Sondagoggend ry ons van die tentkamp suidwaarts na die Groenriviermond. Op pad wys die entoesiaste voëlkyker Andrea Weiss ons die endemiese Weskuslangbeklewerik, en ons stop ook by 'n klein robkolonie.

Petrus Schreuder beman Sanparke se kantoor by Groenrivier saam met sy vrou, Mariaan. Hulle wys ons op hul rekenaar die foto's van die pragtige veldblomme wat jy in die lente hier in die kuspark sien. Van Julie tot September is die beste tyd om die blommeprag te gaan bewonder.

Dit is wanneer ek wil terugkeer en graag een aand die wederhelf sal trakteer op 'n besoek aan die Chief's Safarikamp.